# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**KWOTASIE: 8/2/2-2017: INSTANDHOUDING VAN PIKETBERG KRIEKETVELD**

Kwotasies word hiermee ingewag van diensverskaffers vir die instandhouding van speelarea asook buiteveld van die grasoppervlakte by Piketberg Krieketveld vir 'n tydperk van ± 3 maande (Feb – Mei 2017).

Kwotasies in verseëlde koeverte duidelik gemerk **"KWOTASIE: 8/2/2-2017 PIKETBERG KRIEKETVELD"** moet in die tenderbus by die Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Piketberg geplaas word voor **12:00 op VRYDAG, 3 FEBRUARIE 2017**, wanneer kwotasies in die openbaar oopgemaak sal word.

Kwotasies sal geëvalueer word ingevolge die Raad se Voorsieningskanaalbestuurs-beleid, 80/20 punte stelsel. Dit is dus verpligtend om die Voorkeur Verkrygingsvorm te voltooi om te kwalifiseer vir enige voorkeurpunte. **Pryse moet BTW insluit**.

**Dokumente en spesifikasies sal tydens die verpligte terreinvergadering voorgelê word op DINSDAG, 31 JANUARIE 2017 om 10h00 by die genoemde krieketveld. Alle navrae moet gerig word aan Mnr J.Breunissen by tel. no. 022 913 6000, uit. 6025.**

'n Oorspronklike en geldige Belastingklaringsertifikaat soos uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) moet by die kwotasie ingesluit word.

Kwoteerders moet as 'n voornemende verskaffer op Nasionale Tesourie se sentrale verskaffers databasis (CSD) geregistreer wees en op Bergrivier Munisipaliteit se databasis.

Laat, onvolledige of kwotasies ontvang per faks of e-pos, sal nie aanvaar word nie. Bewys van versending van 'n kwotasie sal nie as bewys van ontvangs van 'n kwotasie gesien word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie. Die Raad behou die reg voor om enige kwotasie of gedeelte daarvan te aanvaar.

**ADV HANLIE LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Munisipale Kantore**
**Kerkstraat 13**
**PIKETBERG**
**7320**

**26 Januarie 2017**

**Mk13/2017**